



Sentrum vir
**GRONDWETLIKE
REGTE**

GEWELD SAL NIE TOEGANG TOT ONDERWYS VERBETER NIE

Adv Johan Kruger, Direkteur: Sentrum vir Grondwetlike Regte

Die Sentrum vir Grondwetlike Regte (die SGR) neem met kommer kennis van die toenemende vlakke van geweld, intimidasie en rasse-ondertoon wat met studentebetogings by universiteitskampusse en elders in Suid-Afrika gepaardgaan - of dit nou deur studente, of in reaksie op studentebetogings gepleeg word.

Die Grondwet bied verskeie opsies om jou regte op vreedsame en wettige wyse op te eis. Dit sluit in die reg om te vergader, te betoog, betooglinies te vorm en petisies voor te lê op 'n vreedsame en ongewapende wyse. Die vernietiging van eiendom en infrastruktuur, en die intimidasie en aanranding van mense - in die strewe na watter doelwit ook al - is onwettig en kan nie geregverdig word nie, ongeag die geldigheid van die saak.

Daarbenewens vereis die Grondwet dat die staat die regte in die Handves van Regte respekteer, beskerm, bevorder en verwesenlik. Dit sluit in studente se reg om op vreedsame wyse te vergader, maar ook die reg op verdere onderrig, "wat die staat, deur middel van redelike maatreëls, in toenemende mate beskikbaar en toeganklik moet maak". Enige reaksie deur die regering op hierdie betogings moet oorweeg word met inagneming van laasgenoemde en ander fundamentele regte.

Geweld en intimidasie sal nie tot oplossings lei nie - nie vir die student nie en nie vir die regering of die tersaaklike instellings van hoër onderrig nie. As 'n nasie moet ons die vrae betreffende gelyke onderrig, asook veeltaligheid en diversiteit in die konteks van onderrig aanpak. Ons moet dit doen op 'n konstruktiewe wyse en in ooreenstemming met die grondwetlike waardes - met inbegrip van waardigheid, gelykheid en nie-rassigheid - wat ons samelewing, wat op menseregte en fundamentele regte vir almal gegrond is, onderskryf.